**21 APRIL** **SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 3:1-22**
**NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, ART. 1**
**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 3:12-17**

## God se Naam: Hy is wat Hy is

Wanneer die Here vir Moses roep om die Israeliete uit Egipte te lei, vra Moses aan die Here wat sy naam is. Hierop antwoord die Here in vers 14: “Ek is wat Ek is.” Hierdie is ’n heerlike naam. Aan die een kant sê dit so min, maar aan die ander kant so baie.

Enersyds sê dié naam so min, want met watter naam kan God werklik beskryf word? In die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 1 bely ons God is onbegryplik, onsienlik en oneindig. Watter naam kan hierdie eienskappe van God tot hul volle reg laat kom? Aan die ander kant sê dié naam so baie, want dit sê juis dat God die volheid van sy wese en eienskappe is. As ons ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 1 bely dat God ewig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein is van alles wat goed is, dan sê sy naam: Hy is wat Hy is: Hy ís ewig. Hy ís almagtig.

Die God wat Hom op hierdie heerlike wyse aan Moses openbaar het, is dieselfde God wat Hom in sy Woord aan ons openbaar. As ons in beproewing gaan, mag ons weet: Die onbegryplike, onsienlike en oneindige God is deur sy Seun Jesus Christus óns God wat ewig en almagtig, wys, regverdig en goed is. Hy is teenoor ons, sy kinders, wys en regverdig en goed, want Hy is wat Hy is!

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2* *Ds Jannie Erasmus (Germiston)*